Maandag **29 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-18 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:6-11**

**Blaas jou genadegawes weer aan soos ’n vuur!**

As ek in die Bosveld gaan kamp, dan maak ek elke aand ’n vuurtjie met lekker bosveldhout, wat goeie, warm kole maak. Die volgende oggend as jy ontbyt maak, dan blaas jy net die as van die kole af, sit ’n bietjie fyn houtjies op en blaas die kole van die vorige aand totdat die vuur weer brand. Dit is hierdie beeld wat Paulus gebruik om Timoteus aan te moedig om die genadegawes wat hy ontvang het, weer aan te blaas sodat sy hart warm vir die evangelie klop.

Genadegawes, onder andere ons geloof, bly nie outomaties brandend nie. Jou geloof, jou genadegawes moet voortdurend gekoester en opgeskerp word, uit die Woord en met gebed deur met God besig te wees. Blaas die vuur aan! Blaas jou geloof weer aan die brand! Brand van ywer vir God en sy koninkryk!

Paulus is op hierdie stadium in Rome ’n gevangene. Paulus staar die dood in die oë. 2 Timoteus 4:6: “… Die tyd van my dood is voor die deur.” Maar Paulus dink nie net aan homself nie, hy is nie op homself gefokus nie, hy is gefokus op sy taak as apostel. Paulus skryf aan die jong predikant Timoteus en bemoedig en versterk hom in die geloof. Timoteus het ook gedurig aanmoediging nodig, soos almal van ons (1 Kor. 16:10-11). Paulus praat hom voortdurend moed in en versterk hom in sy dienswerk.

Wat is genadegawes? Die genadegawe waarvan hier gepraat word, is spesifiek om die Woord uit te dra, om te preek, om te getuig van die verlossing deur Jesus Christus (1 Tim. 4:14).

Genadegawes moet met ywer gebruik word. Deur die Gees, die wedergeboorte, word ons in staat gestel om God te dien.

Bid voortdurend vir vervulling van die Heilige Gees. Die probleem is dat selfliefde en egoïsme tot vrees lei. Vrees dat alles nie meer sal wees soos wat ek dit wil hê of gewoond aan was nie. Ons kan maklik bekommerd raak dat ons aansien, mag of geld of besittings of voorregte kan verloor. Maar as ons biddend deur die werking van die Heilige Gees leef, ervaar ons die werking van 2 Timoteus 1:7: “Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.”

Om hierdie rede word ons herinner om die genadegawes wat God gegee het, elke dag weer soos ’n vuur in ons lewens aan te blaas.

*Sing: Psalm 119-1:17; Psalm 31-1:1, 17*

*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Centurion)*